

C.J. Malan

## AMBROSIUS EN DIE VIRGINITAS

Ambrosius het met reg die benaming “Leraar van Maagdelikheid” ontvang (Dooley, 1948:119). Die opmerking van Thamin: “C’est une vertu proprement chrétienne que la vertu de virginité, proclame tout d’abord saint Ambroise” (1895:344),<sup>1</sup> gee dadelik aanleiding tot die vraag of Ambrosius dan geen waardering vir die huwelik gehad het nie. Hierdie vraag word nog meer dringend as sy beskrywing van die kruis van die getroude lewe nagegaan word. As hy hom die woorde laat ontval: “Dit is dus veroorloof om in die huwelik te tree, maar dit is beter om daarvan weg te bly” (*De viduis* 11.69), en: “Waarom sou ek nog die ergernisse van grootmaak, onderrig en in die huwelik uitgee opnoem? Dit is die ellendes van die sogenaamde gelukkiges!” (*De virginibus* 1.6.26), lyk dit werklik asof hy die huwelik vyandiggesind is. Thornton is dan ook van mening dat Ambrosius beslis afkerig van die huwelik staan (1879:205). As Ambrosius egter betoog dat die huwelik ’n werk van God is wat die Goddelike goedkeuring wegdra (*Exp. ev. Luc.* 1.30 en 8.6); dat dit onverbreekbaar is (*De Abr.* 1.7.59); dat die doel van die huwelik die verwekking van kinders is (*De paradiso* 1.10.47), asook ’n middel tot bevrediging van die seksuele begeerte (*De virginibus* 1.6.24); dat die huwelikslewe deur onderlinge liefde, vrede, waardigheid en kuisheid beheers moet word (*Ep.* 63.32 en 107); dat gemengde huwelike tussen gelowiges en ongelowiges nie mag plaasvind nie (*De Abr.* 1.9.86); en dat egskeiding en egbreuk ongeoorloof is (*De Abr.* 1.7.59), moet die uitspraak van De Labriolle heelhartig onderskryf word dat Ambrosius se voorkeur vir maagdelikheid nie voortvloei uit ’n beginselbeswaar teen die gehude staat nie (1928:207).

Ofskoon Ambrosius dus geensins teen die huwelik gekant is nie — selfs nie teen die sluiting van ’n tweede huwelik nie (*De viduis* 2.10) — verkies hy by verre die maagdelike staat. “Die huwelik is dus eerbaar”, is sy refrein, “maar die ongehude staat is eerbaarder ... Dit wat goed is, moet dus nie vermy word nie, maar dit wat beter is, moet uitgekies word” (*De viduis* 12.72). Hy beskou die interrelasie tussen huwelik,

<sup>1</sup> Die vertaling lui: “Dit is ’n eg-Christelike deug, naamlik die deug van maagdelikheid, volgens ’n verklaring van St. Ambrosius.”

weduweeskap en maagdelikheid as drie grade van die deug van kuisheid, maar van hierdie drie is die maagdelike staat *par excellence* die deug van die vrou.

Die onmiddellike vraag wat hier opduik, is waarom Ambrosius die maagdelike staat so hoog aangeskryf het. Is hy moontlik sterk deur bestaande praktyke beïnvloed? By die gedagte aan die prominente plek wat die maagdelike staat in die diens van Vesta en in die misteriegodsdiens van *Magna Mater* ingeneem het; as Preisker boonop die aandag vestig op die askete onder die heidense filosofie met hulle dubbele sedelike standaard, nl. dat trou met kinderverwekking as doel geoorloof is, maar dat geslagtelike askese die lewenshouding van die volmaaktes is (1927:33 en 35); en as Paredi beweer dat Ambrosius sy liefdesbegrip met betrekking tot die maagdelikheid aan Plato ontleen het (1964:145), is die gevolgtrekking geregverdig dat Ambrosius wel deur die *virginitas*-begrip in die Grieks-Romeinse wêreld beïnvloed is.

Ambrosius wil natuurlik niks van so 'n aanknopingspunt weet nie. Hy verklaar kategorieë dat daar geen maagdelikheid onder die heidene is nie; dat die Christelike maagdelikheid niks gemeen het met die Vestaalse maagde of die priesters van Pallas nie; en dat dit ook geensins verband hou met die Frigiese rites of die orgies van Bacchus "waar die aanvuur van die wellus die misterie van die godsdiens is" nie (*De virginibus* 1.4.16). Ondanks hierdie rigoristiese ontkenning van enige sweem van ooreenkoms, lyk dit tog of Ambrosius inderdaad meer deur die *virginitas* van die Klassieke wêreld beïnvloed is as wat hy miskien self wil erken. Getrou aan sy uitgangspunt, nl. dat dit wat die oudheid as waar en goed aanvaar het, uit die Bybel afkomstig is (*De Noe* 24), het Ambrosius waarskynlik hierdie begrip oorgeneem, Bybelse parallele daarvoor gevind en, met behulp van allegoriese Skrifinterpretasie, dit verchristelik. Daar moet natuurlik geredelik toegegee word dat hy die *virginitas*-begrip vanuit die Skrif en vanuit sy gelowige denke op so 'n entoesiastiese wyse uitgebou het, dat dit 'n skerp antitese met die antieke begrip vorm en dit by verre oortref. Nooit mag egter vergeet word dat die Kerkvader sy aanrakingspunt in die Grieks-Romeinse wêreld gevind het nie, al sou hy dit self fanaties ontken (Dudden, 1935:15).

Nog 'n rede waarom Ambrosius die maagdelike staat so hoog aangeskryf het, is die sterk beïnvloeding van die kant van sy voorgangers. Daar word beweer dat Ambrosius weinig nuuts oor maagdelikheid geskryf het, maar tog grootliks meegewerk het om die tradisionele op-

vatting oor maagdelikheid te populariseer (Dooley, 1948:119). Ek wil toegee dat die Christelike vroomheid van die begin af in die rigting van asketisme geneig het (Moore, 1920:2.203), wat veral in die maagdelike staat uitgemond, en vanaf die vroegste tye die vurige ondersteuning van baie Kerkvaders geniet het. Ek wil ook toegee dat Ambrosius voortgebou het op die uitsprake van sy voorgangers, getrou was aan die Christelike tradisie (Dooley, 1948:37), en dat hy soms baie swaar op sy voorgangers steun (Dudden, 1935:113). Om daarmee egter te beweer dat Ambrosius 'n klakkelose navolger en kompilator van bestaande werke was, sonder om iets oorspronklike oor hierdie onderwerp te lewer, is heeltemal onjuis. Inteendeel, as ons nagaan met watter entoesiasme hy oor die onderwerp skryf, en watter gronde hy vir die maagdelikheid aanvaar, verstaan ons waarom hy die predikaat *Doctor virginitatis* ontvang het.

By die bestudering van sy geskrifte oor maagdelikheid, vind ons dat Ambrosius sy lering van en afleidings oor maagdelikheid aan die Skrif ontleen (Paredi, 1964:143). Volgens hom is maagdelikheid 'n kardinale deug (*principalis virtus*) wat nie slegs met die natuurwet in ooreenstemming is nie, maar wat bokant die gang van die natuur uitgaan (*De virginibus* 1.3.10,11). Dit is uitsluitlik 'n Christelike deug, wat ons selde in die Ou Testament aantref, en geensins in die ware sin van die woord onder die heidene nie (*ibid.* 1.3.10). Die Bewerker van maagdelike reinheid is die onbevleete Seun van God, "wie se liggaam nie verderwing gesien het nie, en wie se Goddelikheid nie besoedel is nie" (*ibid.* 1.5.21). Hy is nie slegs voor die maagd (*ante virginem*) in tydsorde nie, maar ook uit die maagd (*ex virgine*) (*ibid.*), en het die maagdelike Kerk as sy Bruid geneem (*Ep.* 63.36). Onder *Kerk* verstaan Ambrosius dan nie slegs die Kerk as geheel nie, maar in besonder die maagde, want "Christus woon by voorkeur in 'n maagd, en vergoed haar met sy liefde" (Paredi, 1964:145). Van hierdie tyd af was die mistieke huwelik met Christus die hoogste ideaal vir 'n Christin (Ladner, 1967:324).

Veral in die *De virginibus* (1.7. 35 - 39) teken Ambrosius die heilige liefdesverhouding tussen Christus en die maagde op besielde wyse. Na aanleiding van die bye, wat geen huweliksbed ken nie en met dou gevoed word, wys hy die maagde op die dou van Gods Woord wat vir hulle as voedsel moet dien (*De virginibus* 1.8.40). As hy, vervolgens, in vervoering uitroep: "Vra na God alleen, die enigste Beoordelaar van die uiterlike voorkoms, omdat Hy selfs in 'n minder mooi liggaam die skoner siel bemin" (*ibid.* 1.6.30), is dit geen nuwe klank wat hy laat hoor nie.

Ladner (1967:324) wys tereg daarop dat huweliksmetafore vir die verhouding tussen Christus en die Kerk, tussen Christus en die siel van die Christen, die kern van alle Christelike mistiek uitmaak. Hy wys ook daarop dat die gedagte van die maagd wat aan God gewy is en geen ander Bruidegom as Christus het nie, reeds deur Tertullianus bespreek en deur Origenes nagevolg is. Ambrosius laat wel 'n nuwe klank in sy argument vir maagdelikheid hoor wat nie by sy voorgangers aangetref word nie.

Ambrosius lewer verder 'n unieke bydrae tot die maagdelikheidsbeskouing in sy bewering dat Maria die voorbeeld van maagdelikheid is (Hughes, 1948:1.142). "Wat is edeler as die moeder van God?" roep hy in vervoering uit, "Wat is skitterender as sy wat deur die Skittering uitverkies is? Wat is kuiser as sy wat sonder besoedeling van die liggaam lewe aan 'n liggaam geskenk het?" (*De virginibus* 2.2.7). In sy begeerte om Maria as modelmaagd vir die jonkvroue van sy tyd voor te hou, besing hy die deugde van Maria op so 'n entoesiastiese wyse soos geen Kerkvader vóór of ná hom nie. "Maria was van só 'n kwaliteit," merk hy op, "dat haar een lewe vir almal 'n onderwysing is" (*ibid.* 2.2.15). Op grond van 'n verkeerde eksegeese van Johannes 17:24 beloof hy die getroue maagde dat Maria hulle in die hemel sal ontmoet om hulle aan Christus voor te stel en dat Maria " 'n tamboeryn sal neem en die kore van maagde sal opwek om tot die Here te sing omdat hulle die see van die wêreld sonder die golwe van die wêreld oorgesteek het" (*ibid.* 2.2.17).

In ekstase beskryf Ambrosius die maagdelike lewe verder as die onskuldige lewe van Adam en Eva in die Paradys voor die sondeval, as die salige lewe van die heiliges ná die opstanding, en as die lewe van die engele (*De exh. virg.* 36). Maagdelikheid is so verdienstelik dat dit selfs versoening vir die sondes van ander kan bewerkstellig! (*De virginibus* 1.7.32). Daarom kan Ambrosius in 'n stortvloed van retoriek die jonkvroue oproep tot 'n spontane en vreeslose aanvaarding van die maagdelike staat, selfs sonder die aanmoediging van hulle ouers: "Dit is goed as die hartewens van die ouers soos die winde van kuisheid op 'n jongmeisie waai, maar dit is nog heerliker as die vuur van die prille jeug, selfs sonder die opvoeding van die ouers, vanself die brandhout van kuisheid aan die brand steek" (*ibid.* 1.11.62).

Dit is feitlik nie nodig om die aandag weer eens daarop te vestig dat Ambrosius, by al sy voorliefde vir die maagdelike staat, die huwelik nie in diskrediet wou bring nie. Op 'n vraag of hy die sluiting van huwelike

ontmoedig, antwoord hy nadruklik: "Inteendeel, ek moedig dit aan en veroordeel diegene wat dit ontmoedig" (*ibid.* 1.7.34). Tewens, hoe kan hy die huwelik ontmoedig as hy aan die voorbeeldige huwelike van 'n Sara, Rebekka, Ragel en ander vroue van die Ou Testament dink; as Maria tegelyk *virgo* en *mater* was; en as die doel van die huwelik die verwekking van kinders en die uitbou van die menslike geslag is! (*ibid.*). Waarop die aandag wel gevestig moet word, is die groot invloed wat Ambrosius se prediking oor die maagdelikheid op die denke van sy tyd gehad het.

Volgens Dudden (1935:148) het die vurige prediking van Ambrosius oor hierdie onderwerp 'n wye reaksie uitgelok. In hierdie donker tyd van singenot waaraan die breë samelewing geswelg het (Giordani, 1944:216), het jonkvroue van heinde en verre na Milaan gestroom om die maagdlike sluier te ontvang (*De virginibus* 1.10.57). Volgens Paredi (1964:147) het die prediking en geskrifte van Ambrosius 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die deugde en ingetoënheid en kuisheid in die Vierde Eeu, en in die verhoging van die waardigheid van die vrou.

As indirekte gevolge van sy prediking noem hy "'n groter bewuswording van die konflik tussen materie en gees, en van die waarde van die offerande, veral die opoffering van singenot." Ons kan hierdie lys aanvul en met oortuiging verklaar dat Ambrosius se eksposisie van die maagdlike staat nie alleen die opvatting van die *virginitas* as oortollige goeie werke begunstig en die selibaatsideaal grootliks aangemoedig het nie, maar ook 'n magtige stimulus was tot die ontwikkeling van die monastisisme (Daniélou, 1964:278).

Dat Ambrosius se ywerige en volgehoue verkondiging van die *virginitas* 'n groot aansporing vir die totstandkoming van die monastisisme was, wek geen verbasing nie. Dudden (1935:144) beweer tereg dat die kloosterwese 'n kenmerkende uitvloeisel van die asketisme was. Ambrosius het vir die Kerk soveel heil in dié beweging, wat sy oorsprong in Egipte gehad het, gesien, dat hy in die omgewing van Milaan self 'n klooster gestig het (Dudden, 1935:145). Ofskoon daar in die tyd van Ambrosius op ander plekke reeds baie vrouekloosters bestaan het, weet ons van geen vroueklooster wat hy in Milaan opgerig het nie. Blykbaar het die maagde by hulle ouers of in hulle eie huise gewoon. In elk geval is dit duidelik dat die ernstige prediking van Ambrosius sy weerklank in die harte van baie Christinne gevind het wat, binne of buite die

kloosters, in die maagdelike staat volhard het.

## Bibliografie

- AMBROSIUS. *De paradiso. PL 14.*  
*De Noe et arca. PL 14.*  
*De Abraham. PL 14.*  
*Expositio evangelii secundum Lucam. PL 15.*  
*De virginibus. PL 16.*  
*De viduis. PL 16.*  
*De exhortatione virginitatis. PL 16.*  
*Epistolae. PL 16.*
- DANIËLOU, J. en MARROU, H. 1964. The Christian Centuries. Vol. 1: The first six hundred years. Vert. V. Cronin. Londen: Darton, Longman & Todd.
- DOOLEY, W.J. 1948. Marriage according to St. Ambrose. Studies in Christian Antiquity, XI. Washington: Cath. Univ. of America Press.
- DUDDEN, F.H. 1935. The life and times of St. Ambrose. Oxford: Clarendon Press.
- GIORDANI, I. 1944. The social message of the early Church Fathers. Vert. A.I. Zizzamia. Paterson, N.J.: St. Anthony Guild Press.
- HUGHES, P. 1948. A history of the Church. 3 dle. Londen: Sheed & Ward.
- LABRIOLLE, P. DE. 1928. The life and times of St. Ambrose. Vert. H. Wilson. Londen: Herder.
- LADNER, G.B. 1967. The idea of reform. Its impact on Christian thought and action in the Age of the Fathers. New York: Harper & Row.
- MOORE, G.F. 1920. History of religions. 2 die. Edinburgh: T & T Clark.
- PAREDI, A. 1964. Saint Ambrose — his life and times. Vert. M.J. Costelloe. Notre Dame: Univ. of Notre Dame Press.
- PREISKER, H. 1927. Christentum und Ehe in den ersten drei Jahrhunderten. Berlyn: Trowitzsch.
- THAMIN, R. 1895. Saint Ambroise et la morale chrétienne au IVe siècle. Parys: Masson.
- THORNTON, R. 1879. St. Ambrose: his life and times and teaching. Londen: SPCK.